



eduresourceza.com



ST BENEDICT'S

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 11

BEGRIPSTOETS

2 Februarie 2024

EKSAMINATOR: Me. M. van Staden

MODERATOR: Me. M. Botha

TYD: 50 minute

30 punte

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.
2. Hierdie vraestel bestaan uit 3 vrae:
Vraag 1 – Leesbegrip: 14 punte
Vraag 2 – Advertensie: 8 punte
Vraag 3 Spotprent: 8 punte.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Beplan jou antwoord deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Alle vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Baie sterkte!

Lees deur die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

Legendariese Ballade vir 'n Enkeling keer terug!



1. Voor die film was daar die TV-reeks. Suid-Afrikaners het vasgenaam gesit voor die TV n t om nie 'n episode te mis nie. Hartseer, liefde, raaisels en desperate dae was aan die orde van die dag in die 1980's toe kykers vir die eerste keer met Jaques Rynard kennis gemaak het. Niemand wat destyds die TV-reeks gevolg het, kan dit vergeet nie.
2. Quentin Krog, vervaardiger van die film *Ballade vir 'n Enkeling*, word deur vars o  gesien en is in sy eie reg 'n treffer. Dit het mooi gesigte, 'n koel klankbaan deur die bekende Heuwels Fantasties, die byderwetse ligging (Maboneng), die vuurwarm romanse en hunkerings waarby 'n nuwe generasie aanklank sal vind. Dit is terselfde tyd 'n uitbeelding van moderne lewe in die Johannesburgse middestad met sy eiesoortige skoonheid en eenvoudiger kinderjare op die platteland.
3. Carina Human (Donnalee Roberts), 'n joernalis wat desperaat is om die smerige poniekoerant waarvoor sy werk vir *Rapport* se ernstige nuuskantoor te verruil, dek die seremonie waar die bekende skrywer Jaques Rynard (Armand Aucamp) met die Bassonprys vir letterkunde vereer word. Rynard daag egter nie op nie en 'n landwyse soektog na hom begin. Human se grilligerige redakteur, Gavin Greeff (Zak Hendrikz), druk haar om die geliefde skrywer se skandes oop te vleek. Maar soos sy en haar fotograaf, Mysi Moolman (Cindy Swanepoel), die leidrade volg en met die hartseer Jan-Paul Otto (Jaques Bessenger) en Lena Aucamp (Rolanda Marais) praat, begin die stukkies van Rynard se opwindende en tragiese lewe bymekaar kom.
4. Die jong Lena, in haar swembroek by die watergat voor haar esel, betower van die begin af die tienerseuns (Jaques en Jan-Paul). 'n Vriendskap ontstaan en die drie tieners pak die lewe saam aan. Van hul ontmoeting is daar egter onderliggende spanning tussen hul idealistiese "vriende-vir-altyd".
5. Edwin van der Walt en Christia Visser skitter as die jong Jaques en Lena. Veral Van der Walt stort alles in tonele wat hartverskeurend is. Armand Aucamp het eintlik min tyd op die skerm om die

6. Die drama van 14 episodes of 448 bladsye van die boek word in 'n bietjie meer as twee uur gepas. Elke wending vang die kyker ontkant, maar mettertyd voel 'n mens effens dramavoos. *Ballade vir 'n Enkeling* is 'n dapper film wat nie wegstrem van die lelik in die lewe nie. Die uitstekende vervaardiging maak daarvan 'n besondere kykervaring wat nie vinnig vergeet sal word nie.

[Verwerk uit: *Nerwerk24*, 20 Maart 2015]

- 1.1 **Wat** was eerste, die film of die TV-reeks vir *Ballade vir 'n Enkeling*? (1)

- 1.2 **Wat** was aan die orde van die dag in die 1980's toe die kykers kennis gemaak het met Jaque Rynard? Noem twee. (2)

- 1.3.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. (1)
Almal het die destydse TV-reeks vergeet.

- 1.3.2 Motiveer jou antwoord in 1.3.1 (1)

- 1.4 **Wie** is die vervaardiger van die film *Ballade vir 'n Enkeling*? (1)

- 1.5 **Wat** beteken: word *deur vars oë gesien*? (Omkring die regte antwoord) (1)

- A. Jy kan niks sien nie.
B. Dit word op 'n nuwe manier gesien.
C. Jy kan seker goed sien.

- 1.6 **Waar** is die film opgeneem? (1)

- 1.7 **Watter** storie dek Carina Human vir die poniekoerant volgens paragraaf 3? (1)
Downloaded from eduresourceza.com

- 1.8 **Hoe** word die stukkies van Jaques Rynard se lewe beskryf? (2)

- 1.9 **Watter** woord in paragraaf 4 sê vir ons dat Lena die tienerseuns (Jaques en Jan-Paul) se aandag getrek het? (1)

- 1.10 **Hoeveel** episodes was daar in die TV-reeks vir *Ballade vir 'n Enkeling*? (1)

- 1.11 Het jy van die film *Ballade vir 'n Enkeling* gehou? Motiveer jou antwoord. (1)

[14]

VRAAG 2: FILMPLAKKAAT

Downloaded from eduresourceza.com

Kyk na die filmplakkaat hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: <https://www.imdb.com/title/tt4003648/>]

2.1 Watter film word geadverteer? (1)

2.2 Wie is die skrywer van die film? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

2.3 **Wanneer** is die film in teaters beskikbaar? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

2.4 **Noem** twee akteurs wat in die film speel. (2)

2.5 **Wat** is die slagspreek van die film? (1)

2.6 **Hoe** trek die filmplakkaat visueel aandag? Noem twee. (2)

[8]

VRAAG 3: VISUELE BEGRIP – Spotprent

Bestudeer die spotprentprent en beantwoord dan die vrae wat volg.



[Bron: Beeld, 4 Februarie 2022]

3.1 **Waar** vind die spotprent plaas? (1)

3.2 **Hoe** wys die man se **liggaamstaal** dat hy ontspanne is? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

3.3 **Hoe** wys die vrou se gesigsuitdrukking dat sy kwaad/gerolsteerd is? (1)

3.4 **Wat** hou die man in sy hand vas? (1)

3.5 **Watter** troeteldier het die man en vrou? (1)

3.6 **Wat** staan op die koffietafel? (1)

3.7 **Hoekom** is daar so baie herhalings op SAUK-TV? (1)

3.8 **Wat** is die probleem in die spotprent? (1)

[8]

GROOTTOTAAL:30